


**A.** **Bid eers saam –** doen moeite om werklik eers stil te word voordat julle saam uit die Woord gaan lees.

**B.** **Uit die Woord: Lees Jona 3** (dit het baie waarde om 2 of 3 verskillende vertalings te lees, bv Afrikaans, NIV, The Message, Lewende vertaling etc – YouVersion bied wonderlike opsies)

**a.** **Gee vir elkeen dan kans om die verhaal weer op hulle eie in stilte te lees.**

**b.** **Wat tref jou? Wat het jy raakgelees wat jy voorheen gemis het?**

**c.** **Watter vrae het jy oor die gedeelte wat jy gelees het?**

**v 1– God roep weer vir Jona – hy kry ‘n tweede kans!**

Watter stories het jy van situasies waarin jy ‘n tweede kans gekry het?

Waarom dink julle gee mense moeilik tweede kanse?

Hoekom hou ons van hierdie eienskap van God – die feit dat Hy tweede kanse gee?

**Hoe verskil 1:2 van 3:2?**

Waarom dink julle is hierdie verskil belangrik?

**Lees v 3- 4.** Maak ‘n saak uit vir 2 argumente – deel die groep op in 2 en laat elke sub-groep kant kies oor die volgende 2 sake – gee argumente en motivering uit die verhaal en die teks vir julle standpunte:

**Opsie 1:** Jona was **uit protes onwillig gehoorsaam**, en sy hart was nie in sy gehoorsaamheid nie>

**Opsie 2:** Jona was nou **blindelings gehoorsaam**

**Jona preek oordeel – v 4**: Hoekom hou ons In die algemeen nie van hierdie soort oordeel-preke nie?

**En tog was hierdie preek van Jona geweldig suksesvol – v 5-8, want die inwoners van Ninevé kom tot bekering:**

Besluit op 'n **definisie vir bekering**:

Wat lees ons in **verse 5-8** oor wat nodig is vir **ware bekering**?

- Glo in God – v 5
- Maak erns daarmee – dag van vas – v 5, 7
- Berou – rouklere aangetrek – v 5, 6, 8
- Koning klim van troon af, maak God koning – v 6
- Bid ernstig tot God – v 8
- Bekeer, wegdraai van verkeerde dade – v 8

**Hoe weet ons bekering is eg?**

Heavy persoonlik: **Vertel vir mekaar van julle bekering…**

Wat is altyd **God se reaksie op ware berou – v 9-10**?

C. Hierdie bybelstudie het moontlik die lig van die Woord op 'n hele klomp sake in jou lewe kom skyn.
**Gee dit vir die Here…**

**Dalk is daar sake waaroor jy berou het… vergiffenis nodig het…**